Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39

Teksvers: Rom 8:37

Tema: Superhelde in Christus, leef met oortuiging jou rykdom in Christus!

Superman, Batman, Spiderman, Captain America...ons almal weet van hierdie superhelde en die meeste van ons het groot geword met hulle. As dit nie is dat ons op TV na hulle kyk, of die flims gesien het nie, het ons groot geword met `n *comic* boek wat ons in een van ons skoolboeke wegsteek om skelm te lees oor hierdie superhelde se superdade. Dit is tog hoekom hulle superhelde is: hulle red mense, beveg misdaad en doen goed wat menslik-gesproke heeltemal onmoontlik is.

Dit is wat hierdie woorde beteken wanneer Paulus ons in Romeine 8:37 beskryf as "meer as oorwinnaars". Die woord wat Paulus hier gebruik is `n baie spesifieke woord wat in die Romeinse wêreld net gebruik was om iemand te beskryf wat só vêr gewen het, dat die oorwinning in werklikheid nie eers beskryf kan word nie. Hercules, wat daardie sewe onmoontlike take, moes verrig sou byvoorbeeld as `n "meer as oorwinnaar" of superheld beskryf word.

En dit is die woord waarmee ek en jy beskryf word...elkeen van ons wat in Jesus Christus glo is `n superheld, `n "meer as oorwinnaar". Die realiteit is egter dikwels heeltemal anders. Ek voel nie altyd soos `n superheld nie, om nie eers te praat net van `n wenner of oorwinnaar nie! As ek nie eers `n derde plek by die atletiek kry nie, as ek `n opdrag by een van my dosente terug kry en ek het dit net-net gemaak of net-net nie gemaak nie, as ek weer-en-weer by die werk oorgesien word vir `n permanente aanstelling of bevordering, of as ek as tuisteskepper *MisterMuscle* gebruik maar die stof en strepe bly daar lê. Dan voel ek alles behalwe soos `n oorwinnaar.

Maar juis dit is die wonder en maak hierdie deel van die rykdom wat ons in Jesus Christus het: dit hang nie van ons af om `n "meer as oorwinnaar" of superheld te wees nie. Dit is weens dit wat Jesus Christus gedoen het, wat ons as `n "meer as oorwinnaar" beskryf word. Christus staan op die podium van die heelal as die enigste, werklike "meer as Oorwinnaar" en hang die medalje om ons nekke. In plaas daarvan dat net Sy Naam in die rekords opgeteken word, is daar `n sterretjie langs sy Naam en word ons name bygeskryf.

Paulus beskryf vir ons in hierdie gedeelte van Romeine 8 op `n baie besonderse manier hoe dit gebeur. Paulus vra sewe vrae en elke keer wys hy hoe hierdie vrae in Jesus Christus geantwoord word. Met hierdie sewe vrae wil Paulus vir ons wys dat maak nie saak watter tipe mislukking teen ons gehou word nie, Christus het reeds die oorwinning behaal en Hy gee aan ons die oorwinning oor dit.

Die eerste twee vrae noem en antwoord Paulus saam. Dit is, "wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge?" en "God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?" Paulus antwoord dan deur te wys op die feit dat God vir Jesus Christus oorgegee het om vir ons te sterf, sodat almal gered kan word. God offer Homself in Jesus Christus op, sodat ons deur Homself weer aan Hom gebind mag wees.

En met hierdie antwoord, antwoord Paulus in werklikheid die derde vraag ook: "Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?" As God Homself in Jesus Christus vir ons gegee het, sal Hy ook vir ons alles gee wat ons nodig het. In Jesus Christus het God reeds die

hoogste prys betaal, die grootste oorwinning behaal en daarom sal God ook alle ander dinge wat ons nodig het om te lewe en om Hom te dien vir ons gee.

Die vierde vraag is of daar iemand is wat ons, as die uitverkorenes, kan aankla. Is daar iemand in hierdie heelal wat ons voor die groot Regter, Jesus Christus, só kan aankla dat hierdie aanklag water hou? Dan kom die antwoord "Nee!", want God, wat die groot Regter is, spreek ons vry. God self sê dat ons onskuldig is.

Dan kom die vyfde vraag: as iemand ons nie kan aankla nie, kan iemand ons dan veroordeel? En dan die antwoord "Nee!", Jesus Christus het gesterf - Hy het die straf vir ons gedra - maar meer as dit, Hy het die straf, die dood, oorwin en Hy pleit vir ons by God. God self pleit vir ons by God, omdat ons in die oë van die Here onskuldig is, omdat Christus vir ons die straf gedra het.

Dan, as `n laaste poging om te wys dat ons as mense dalk nie superhelde of "meer as oorwinnaars" kan wees nie, kom die laaste twee vrae: "Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?" Dan antwoord Paulus hierdie vrae op `n baie interessante manier. Hy antwoord deur Psalm 44 aan te haal en te wys dat al hierdie dinge is natuurlik deel van die lewe van die gelowige. Lyding, benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar en die swaard is alles deel van die lewe van die gelowige.

Ons moet dus nie hierdie dinge sien as `n bedreiging nie, maar as `n natuurlike deel van ons bestaan as kinders van die Here. Selfs hierdie dinge kan ons nie wegneem van God af nie en kan ook nie veroorsaak dat ons nie superhelde of "meer as oorwinnaars" is nie, want ook in hierdie dinge is God met ons. Soos ons in Romeine 8:28 gehoor het, ook hierdie dinge laat God ten goede meewerk.

Daarom dat Paulus met soveel oortuiging kan sê dat ons in Jesus Christus superhelde of "meer as oorwinnaars" is. Jesus Christus het hierdie onbeskryflike, onmenslike, vir-God-alleen-moontlik oorwinning behaal en dit word op ons rekords geskryf as ons oorwinning!

Ons het in Romeine 8 gehoor dat God ons in Jesus Christus as sy kinders aangeneem het, dat ons nou erfgename saam met Jesus Christus is wat deel in sy lyding en sy heerlikheid, dat God aan ons gebed gegee het om na Hom, ons hemelse Vader, te roep, dat die Heilige Gees ons as Trooster bystaan wanneer ons nie weet hoe of wat om te bid nie en dat ons verseker kan weet dat God alles ten goede sal laat meewerk vir ons. En asof hierdie rykdom nie al genoeg was nie, maak God ons, deur dit wat Jesus Christus gedoen het, "meer as oorwinnaars" of superhelde. Wat `n besonderse rykdom!

Nog is dit nie vir God genoeg nie. Hy gee nie net vir ons hierdie rykdom nie, maar Hy wys ook vir ons hoe hierdie rykdom beskerm word. God gee aan ons `n kluis waarin hierdie rykdom vir ons beskerm en bewaar word - `n kluis wat nie deur `n skelm of maaifoedie gebreek of opgeblaas kan word nie, `n kluis wat nie kan roes of weggedra kan word nie, `n kluis wat altyd daar is. Hierdie kluis is God se liefde vir ons in Jesus Christus ons Here!

God se onvoorwaardelike liefde beskerm hierdie wonderlike rykdom wat ons in Jesus Christus het! God se liefde wat nie verander nie, wat nie minder word nie, wat nie afhang van hoe ons optree en reageer nie. God se liefde wat duidelik geword het deurdat Hy sy eie, enigste Seun gegee het sodat die God-haters en grootste verloorders in die heelal weer in `n verhouding met God kan staan en "meer as oorwinnaars" kan wees. Dit is die liefde wat ons rykdom in Jesus Christus beskerm.

Daarom kan en moet ons met oortuiging hierdie rykdom lééf, want niks kan ons van God se liefde skei nie. Niks in hierdie heelal kan veroorsaak dat ons minder as "meer as oorwinnaars" in God se oë is nie. Ek en jy is superhelde, "meer as oorwinnaars" in God se oë. Hy het aan ons `n onbeskryflike rykdom gegee wat deur sy liefde vir ons beskerm word. Mag elkeen van ons elke dag verstom staan oor hierdie onbeskryflike genade van ons Here.

Amen